# SAAI SAAD VAN SEËNINGE

# VERLEDE WEEK

- Net wat jy saai, gaan jy maai.
- Saad bring voort volgens hulle soort.
- Ons is in beheer van die saad wat ons saai.
- Oes wil verander, verander die saad wat jy saai.

# DIE SAAD WAT ONS ELKE DAG SAAI

- Woorde wat ons spreek.
- Woorde is saad wat ons elke dag saai.
- Elke dag pluk ons die vrug van wat ons saai.

**Spr 18:21 (AFR)**
Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet.

**Spr 18:21 (AMP)**
Death and life are in the power of the tongue, and they who indulge in it shall eat the fruit of it [for death or life].

**Pred 10:12 (AFR)**
Die woorde uit die mond van 'n wyse is aangenaam, maar die lippe van 'n dwaas verslind homself.

- Verslind: Destroy / Devour

# WOORDE VAN SEËN OF VLOEK

**Jak 3:8-10**

**8** Maar die tong kan geen mens tem nie; dit is ‘n onbedwingbare kwaad, vol dodelike gif.

**9** Daarmee loof ons God en die Vader, en daarmee vervloek ons die mense wat na die gelykenis van God gemaak is.

**10** Uit dieselfde mond kom seën en vervloeking. Dit, my broeders, behoort nie so te wees nie.

- Elke mens is in staat om te seën of te vervloek.

- Die beginsel

**Mark 11:23 (AFR)**

Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see—en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur—**hy sal verkry net wat hy sê**.

**Mark 11:23 (KJV)**

For verily I say unto you, That whosoever shall say unto this mountain, Be thou removed, and be thou cast into the sea; and shall not doubt in his heart, but shall believe that those things which he saith shall come to pass; **he shall have whatsoever he saith.**

- Jy is in beheer van die saad wat jy saai d.m.v. woorde.
- Dit wil sê jy is in beheer van die oes wat jy ontvang.

# VERSKIL TUSSEN SEËN EN VERVLOEK

| SEËN | VLOEK |
|---|---|
| ❖ Om iemand te bemagtig om voorspoedig te wees. | ❖ Iemand te ontmagtig – to disempower someone to prosper. |
| ❖ Iemand los te laat om te floreer. | ❖ Iemand se bene van voorspoed te breek. |
| ❖ Iemand soos 'n vuurpyl vorentoe te laat skiet. | ❖ Om iemand vas te hou – te verhoed om vorentoe te gaan. |

# WOORDE – *INSTRUMENT VAN SEËN EN VLOEK*

**Job 3:1**

Daarna het Job sy mond oopgemaak en sy dag vervloek.

**Mark 11:21**

En Petrus het onthou en vir Hom gesê: Rabbi, kyk, die vyeboom wat U vervloek het, is verdroog.

# ONS – *INSTRUMENT VAN SEËN EN VLOEK*

**Rom 6:13**

En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God.

- Instrument van God mense – seën – <u>bemagtig</u>
- Instrument van duiwel mense – vervloek – <u>ontmagtig</u>

# HOE BEGIN EK OM TE SEËN

- **Identiteit** (Wie ek is)
  Wie jy wil hê die persoon moet wees.
  Onthou: Jy kry net wat jy sê.
- **Roeping** ("Destiny")
  Spreek voorspoed / lewe in sy toekoms in.
- **Skep 'n omgewing van seën**
  "Not to plan, is to plan to fail."

1. Oggendtyd van seën – spesifieke tyd
2. Familie-ete met die doel om te seën.
3. Briefie, kaartjie, oproep van seën.

# JESUS ONS VOORBEELD

**Luk 3:22**

En die Heilige Gees het in liggaamlike gedaante soos 'n duif op Hom neergedaal; en 'n stem het uit die hemel gekom wat sê: U is my geliefde Seun; in U het Ek 'n welbehae.

- VOOR seëninge – geen boodskap / geen wonderwerk
- NA seëninge – Jesus bemagtig om in Sy identiteit en roeping te wandel

Dink wat met jou en jou familie kan gebeur as jy doen wat die Vader gedoen het !!!!